# Gekoppelde belegging of Lewensversekering?

## Waar om vir jou aftrede te belê

Wanneer jy ‘n aftree-annuïteit (AA) uitneem, kan jy deur ‘n lewensversekeringsmaatskappy of ‘n Gekoppelde Beleggings-Diensverskaffer belê. Om die verskil tussen die twee te verstaan, sal jou help om te besluit watter een meer geskik is vir jou aftree-behoeftes.

## Wat hulle gemeen het

- Belasting- en boedelbelastingvoordele.
- Beskerm jou aftree-spaargeld teen krediteure.
- Word deur die Pensioenfondswet gereguleer, wat beteken dat normale aftreefondsbeperkings geld, soos om eers na ouderdom 55 toegang te hê tot fondse.
- Vereis dat jy ‘n beleggingsportefeulje kies.

## Waar hulle verskil

| | **Beleggingsgebaseerde AA**<br>Gekoppelde Beleggings-Diensverskaffer | **Versekeringsgebaseerde AA (Liberty)**<br>Lewensversekeraar |
|---|---|---|
| **Beleggingskeuses** | Kies uit ‘n wye reeks onderliggende effektetrusts. | Kies ‘n portefeulje wat deur die versekeraar bestuur word, of eksterne effektetrusts. Die reeks effektetrusts is dikwels nie so uitgebreid soos op Gekoppelde Beleggings-Diensverskafferprodukte nie. |
| **Bateklasse** | Effektetrusts kan slegs in bates belê wat op ‘n aandelemark geregistreer is. | Bied ander bateklasse soos fisieke eiendom. Die Liberty Eiendomsportefeulje het, byvoorbeeld, konsekwent opbrengste gelewer wat inflasie klop. |
| **Portefeulje-bestuur** | Hierdie opsie is meer buigsaam en is baie aantreklik as jy bereid is om jou eie beleggingsbesluite te neem of deur ‘n finansiële adviseur bygestaan word. | Die interne reeks portefeuljes word deur ‘n enkele interne bate-bestuurder bestuur, of volg ‘n multi-bestuursbenadering. Multi-bestuurde portefeuljes gee jou toegang tot eksterne batebestuurders sonder dat jy self die bestuurders hoef te kies. |
| **Koste** | Die koste om ‘n wye reeks effektetrusts aan te bied het ‘n uitwerking op die koste van die produk. | Die reeks interne portefeuljes is teen ‘n laer koste beskikbaar as die eksterne effektetrusts.<br><br>Veranderinge aan kommissie-regulasies en laer koste vir vroeë beëindiging het daartoe gelei dat nuwe AA’s aan kliënte beter waarde bied. |
| **Waarborge** | Nie normaalweg voorsien nie. | ‘n Reeks minimum beleggingswaarborge wat jou belegging teen negatiewe beleggingsprestasies sal beskerm as die mark ‘n insinking beleef. |
| **Bykomende** | Nie normaalweg voorsien nie. | Voordele soos premie-kwytskeldings by |

| | | |
|---|---|---|
| **voordele** | | ongeskiktheid en afdanking sal gereelde premie-betalings finansier indien jy ongeskik sou raak of afgedank sou word. |

**Praat met jou finansiële adviseur oor watter beleggingstruktuur die beste in jou behoeftes voorsien.**